Laerskool Dr. Havinga

Waardegedrewe Innoverend Toekomsgerig

Andries Pretoriusstraat 29, Witpoortjie, 1724 * Posbus 3010, Witbeeck, 1729* Tel: (011)769-1670*
Fax: (011)762-3493 * www.drhavinga.co.za * admin@drhavinga.co.za

24 Julie 2020

Omsendbrief 13 van 2020 - Sluiting van skole

Geagte ouers,

Ons akademiese program is gister weereens ‘n knou toegedien met die aankondiging deur die President. Dit is egter jammer dat #onsskool wat alles in plek het en op die stadium wonderlik funksioneer asook ‘n veilige hawe vir ons kinders skep, gesluit moet word. Ongelukkig is daardie besluit buite my beheer, maar ek kan u verseker dat ons, net soos u, baie teleurgesteld is.

Die pad vorentoe is onseker omdat ons nog nie enige inligting vanaf die Departement van onderwys ontvang het nie.

Omdat ons weet dat ons leerders en personeel ongelooflik hard gewerk het sedert die begin van die HUB-program asook met hul terugkeer na die skool (wat al amper 14 weke is) gaan ons die tydperk vanaf 27 Julie - 10 Augustus as ‘n vakansie tydperk beskou. Leerders sal in die tyd alle werk wat nog aandag vereis rustig by die huis kan voltooi. In die tydperk gaan ons geen nuwe of aanvullende werk stuur nie. Gebruik hierdie tyd om gereeld te lees!

Ons skoolwerk sal weer op 11 Augustus hervat met die terugkeer van die Graad 7 leerders. Indien daar meer grade is wat mag terugkeer op 11 Augustus sal ons u in kennis stel.

Grade wat mag terugkeer sal normaal in hulle BLOU of ROOI groep terugkeer maar grade wat nie mag terugkeer nie sal ons weer deur middel van die HUB-program skoolwerk stuur.

Ons beplande assessering week sal op ‘n later stadium plaasvind. Ons sal die datum aan u stuur sodra inligting vanaf die Departement ontvang word waarna ons die beplanning kan aanpas.

U moet verstaan dat ons uitgelewer is aan die departement se voorsiening van inligting en dit beïnvloed ons beplanning en die saamstel van inligting wat van u op toepassing is.

Ek weet dat die aankondiging vir u, soos vir ons, onkant gevang het en ek hoop dat u betyds reëlings vir die toesig van #onskinders kan tref. Ek is werklik jammer dat die terugslag ons nou getref het.

Onthou asseblief om u skoolfonds op datum te hou. ‘n Spesiale woord van dank aan elkeen wat hul verpligting getrou nakom. Onthou dat skoolfonds ons skool aan die gang hou en sorg dat alles wat vir u spesiaal is aan HAVIES daardeur moontlik gemaak word.

U sal gedurende hierdie tydperk gereeld inligting op die klasgroepe ontvang soos die pad vorentoe meer duidelik word.

Dit is belangrik dat die ons kinders steeds so veilig as moontlik gehou word by die huis.

Onthou om julle maskers te dra, was en saniteer jou hande so gereeld as moontlik, hou jou 1,5m spasie tussen mense en vermy om aan jou neus en mond te vat.

Dankie vir elkeen se positiewe ingesteldheid en ondersteuning! Namens die personeel wens ek vir elkeen van u sterkte toe!

PS 91:2 “U is my toevlug en my veilige vesting,

My God op wie ek vertrou”

Groete

Marius Swanepoel